# menlo-insig

Insig 18/2025 - 5 Junie 2025



## Boodskap van die hoof



Met die lees van hierdie INSIG is daar presies **15** skooldae oor voordat ons die deure van Die Hoërskool Menlopark vir 'n welverdiende ruskans toetrek!

Baie sterkte vir die laaste drie weke van die wintereksamen.

Geniet die bykans drie en 'n half weke van die Julievakansie.

Mag elke ouer en leerder hierdie komende vakansie "diep" rus, die batterye herlaai en vars terugkom vir 'n opwindende derde kwartaal.

Dankie vir 'n ongelooflike "halfjaar" tot nou toe!

## Teksvers vir 2025

**Jesaja 43: 18 & 19**

Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring.

## Teksvers vir die kwartaal

**Jeremia 17: 7 - 8**

Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is; so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie.

# BELANGRIK

## SKAKELS

[Eksamenrooster]

[Studiekursus]

[Kultuurkalender]

## WINTERSPORTBEPALINGS

[Rugby]

[Hokkie]

[Netbal]

## DATUMS

| | |
|---|---|
| 16 Junie | Jeugdag |
| 27 Junie | Skool sluit |
| 22 Julie | Skool open |




**Onthou asseblief om u MySchool-kaart na Die Hoërskool Menlopark oor te swaai.**

## 'n Brokkie Menlo-geskiedenis

**1965: Menlo hou konsert**

Menloparkers doen niks half nie! Die bewys hiervan is in die foto hiernaas te sien.

Skoolkonserte lyk deesdae 'n bietjie anders as sestig jaar gelede, maar die hoeveelheid pret wat met konserthou gepaardgaan, is steeds *absolut* 100% ...



## Afrikaans: 100 jaar

## Het jy geweet?

**Goeiedag vs. Goeie dag**

"*Goeiedag*, my naam is Kobus." "Dit is 'n *goeie dag*."

*Goeiedag*: groetvorm.

*Goeie dag*: "Goeie" beskryf dat die dag goed is. "Goeie" is dus 'n byvoeglike naamwoord wat die selfstandige naamwoord "dag" bepaal.

Bron: Viva-taalwenk

# Ed-admin

| | |
|---|---|
| **Klik op u kind se profiel** → | • Learning & Behaviour: Inskrywings met betrekking tot u kind se gedrag.<br>• Report Card<br>• Attendance<br>• Assessment: Hierdie funksie is afgeskakel tot na die wintereksamen.<br>• Communicate with staff: Kontakbesonderhede van u kind se onderwysers. |
| **Calender** → | • Stem ooreen met die kalender in die Werkplan. |
| **Documents: Parents** | |
| **Administrasie** → | • Uittekenprosedure |
| **Akademie** → | • Eksamenrooster<br>• Ekstra klasse: Grade 8 English<br>• Ekstra klasse: Wiskunde en FW<br>• Gratis studiekursus<br>• Streshanteringskursus<br>• Studieroostervoorstel |
| **Finansies** → | • Menlo-rekeningbesonderhede<br>• MySchool & Boost Procurement |
| **Fotobestellings** | |
| **Insig** → | • Tariefkaart |
| **Kleure en erekleure** → | • Dra van balkies<br>• Prosedure vir die toekenning van kleure en erekleure |
| **Kommunikasie** → | • Graadhoofde<br>• Menlo-kommunikasiekanale<br>• WhatsApp-kanale (voorlopig) |
| **Menlo-ouers wat omgee** → | • Menlo-ouers wat bid |
| **Omsendbriewe** | |
| **Parkieraadprojekte** | • Parkieraad-planne: Proppieprojek |
| **Perioderoosters** | |
| **Skooldrag, klerebank & sportwinkel** → | • Menlo-klerebank<br>• Menlo-skooldrag<br>• Menlo-sportwinkel |
| **Sosiale kalender** → | • Prestigedinee & wynveiling |


TRES
SCHOLARUM 2025
ONS BOU IN GELOOF
DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
DONDERDAG 24 JULIE
UP-KAMPUS: AULA
19:00 | R 120 PP
KAARTJIES
WWW.ITICKETS.CO.ZA
VANAF 1 JUNIE
BOU EN BEWAAR


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
Menlo-koor bied aan
Laerskolekoorfees
Saterdag, 26 Julie 2025
18:30
UNISA: ZK Matthews-saal
Kom beleef die beste laerskoolkore saam
met die Menlo-koor op die verhoog!
Kaartjies: By iTickets beskikbaar vanaf 13 Junie @ R120 per persoon.

# MENLO-KOMMUNIKASIE



… 60 jaar later konsert ons nog al die pad en net so lekker!

### Graad 10-vakveranderings

Sperdatum vir die ondertekening van vorms en afhandeling van die proses: Donderdag, 26 Junie.
Geen vakveranderings sal na die sperdatum toegelaat word nie.
Vakveranderingvorms is in F102, by me. Estelle Velloen, beskikbaar (estelle.velloen@menlopark.co.za).

### Menlobond vra 'n guns

Die Menlobond is op soek na foto's uit die skool se verlede en spesifiek van die skoolgeboue en –terrein uit die jare sestig en sewentig. Kontak me. Gisela Rolfes (menlobond@menlopark.co.za) indien u met hierdie projek behulpsaam kan wees.

### Parkie-proppieprojek

Onthou asseblief om alle plastiekdoppies skool toe te stuur.

### Menlo-ondersteunerstruie

Bestellings: sportsupplies@telkomsa.net

Truie sal vanaf Maandag, 9 Junie by die Sportwinkel beskikbaar wees. Prys: R850.

# WINTERSPORT

## RUGBY VS. TRANSVALIA

Gespeel: 13
Gewen: 8

## Netbal vs. AHMP

Gespeel: 18
Gewen: 7
Gelykop: 1

**Volledige uitslae**









# RUITERSPORT

**MENLO-RUITERS OP GALOP**

Verskeie SANESA-kwalifiseerders in Gauteng is afgehandel en Menlo se ruiters het ouderge-woonte puik gevaar.

**Volledige uitslae**




# BERGFIETS

**CYCLE LAB-SERIES**
**RIVERSANDS FARM VILLAGE**

Uitslae

Youth girls

| | | |
|---|---|---|
| O. 16 | Katrijn Botha | 5de |

Youth boys

| | | |
|---|---|---|
| O. 16 | Jaco Aldum | 4de |

Sub-junior boys

| | | |
|---|---|---|
| O. 14 | LJ vd Westhuizen | 5de |
| Algehele posisie | | 4de |

Skud solank die vere reg, want die volgende resies vind op 21 Junie by HTS John Vorster plaas.

Elke trap tel!

Maak gerus by me. Simoné Labuschagne 'n draai as jy fietsry-punte vir die skool wil verdien.



# SULKE ATKV-BEKKE KORT MOS JÊM

**VIER MENLOPARKERS OP PAD NA NASIONALE FINAAL**

Met skerp woorde, pittige kwinkslae en kragtige stemme het Menlopark se redenaars hul plek in die ATKV-landsfinaal losgepraat!

Baie geluk aan Rian Knoesen (onvoorbereid), Le Roux van Wyk (voorbereid), Lara Moolman (onvoorbereid) en Leané Gerber (voorbereid) wat Menlo trots teen die land se bestes gaan verteenwoordig!

Ons vier ook die ongelooflike prestasie van die volgende Menlo-raakpraters wat onder die toptien in die Gauteng-Noord-streek geëindig het:

| | | |
|---|---|---|
| Onvoorbereid | Gr. 8 - 9 | Lara Moolman (4de), Leané Gerber (5de) & Rubert Pieters (7de). |
| Voorbereid | Gr. 8 - 9 | Leané Gerber (2de). |
| Onvoorbereid | Gr. 10 - 12 | Rian Knoesen (4de), Clara Serfontein (7de) & Daniëlle Muller (10de). |
| Voorbereid | Gr. 10 - 12 | Le Roux van Wyk (2de) & Erik Senekal (8ste). |

Baie sterkte vir die ATKV-landsfinaal op 5 Augustus by Goudini-Spa. Die Parkies staan bankvas agter julle!







# PRESTASIES BUITE MENLO

## KARATE

Fernando Smit het aan die All Africa JKA SA Kampioenskap (Johannesburg) deelgeneem en SA kleure verwerf.

## DANS

Liané van Sittert, Nika Swart en Teagan Rossouw het pas uit Kroasië teruggekeer waar hulle aan die Dance Star World Masters deelgeneem het.



Fernando



Nika



Teagan



Leané

# MENLO-BORGE: BAIE DANKIE

SAFARI OUTDOOR

OBARO

# ONDERSTEUN ONS PARKIE-ENTREPRENEURS


Hierdie is 'n spesiale geleentheid vir alle Menlo-entrepreneurs om hulle produkte gratis te adverteer.






# MARKPLEIN


Vuma Reach
Is Here!
Connect up to 10 people
Uncapped Fibre
from R199 p/m*
What are you waiting for?
Sign up now!
axxess
Internet your way
FIBRE BY
VUMA
*T's & C's apply. E&OE.


RENAULT
SILVERLAKES
your road, your Renault.
Renault Kiger
Starting from
R4 399 pm
or receive up to R42 000
cash back/ deal assist or
Renault Duster
Starting from
R5 599 pm
SCAN HERE AND WE'LL GET BACK TO YOU!
RENAULT Silverlakes
Nadia Kruger: 076 144 6414


Harcourts
Capital
KOOP OF VERKOOP?
VOORDEEL VIR DIE HOËRSKOOL MENLOPARK EN MENLO OUERS
Wil jy 'n eiendom koop of verkoop?
Kontak Linda of Anchen.
Vir elke suksesvolle transaksie word
2.5% van die agentefooi oorbetaal
aan Die Hoërskool Menlopark.
Linda
082 556 5544
082 789 3365
Anchen










## TE HUUR EENSLAAPKAMER-WOONSTEL

**Ideale ligging:** Oorkant Die Hoërskool Menlopark.

- **Adres:** Rosemaryweg 329B Menlopark.
- **Ingesluit:** Water en internet.
- **Krag:** Voorafbetaalde krag-meter.
- **Huur:** R8 500 per maand.
- **Kontak:** Tina Weber (082 886 8087).